

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 05 • SEPTEMBER / OCTOBER 2021

**MANAGING CRISES THROUGH
PUBLIC RELATIONS:
LAPSE IN ANTI-DUMPING DUTIES**

Empangeni farmers get
the know-how

Span weerdata in vir
besproeiingskedulering

**SANDVELD-KULTIVARPROEF
ONDER BESPROEING OP
AURORA IN 2020/2021**

Kultivars wat op
varsproduktemarkte presteer

Nuwe projekte spreek knelpunte aan

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika

Die beheer van aartappelmot

Die beheer van aartappelmot het die afgelope paar jaar 'n kopseer vir produsente in verskeie streke veroorsaak. Ondoeltreffende beheer kan die gevolg wees van:

- Insekdoders wat nie hul teiken bereik nie (toedieningsmetodes, digte bo-groei).
- Knolle wat toeganklik vir larwes is (krake in die grond, knolle wat vlak voorkom).
- Insekdoders wat ondoeltreffend is (ongeregistreerde middels of toedieningsmetodes, verlaagde sensitiviteit by aartappelmot vir insekdoders).



Insekdoders wat nie doeltreffend werk nie of knolle wat toeganklik vir larwes is, kan die beheer van aartappelmot belemmer. (Foto: Diedrich Visser, LNR)

- Groot populasies motte wat voorkom (hoë temperatuur, bron van infestasië).

Om te bepaal of aartappelmot weerstandig teen insekdoders raak, is prof Hannalene du Plessis van die Noordwes-Universiteit gekontrakteer om die sensitiviteit van motkolonies van ses verskillende streke teenoor insekdoders van vier verskillende groepe, te toets. Hierdie projek skop 1 September 2021 af en sal in Junie 2023 afgesluit word.

Prof du Plessis is een van slegs 'n paar wetenskaplikes met die kundigheid om insekte ten opsigte van insekdodersensitiviteit te toets. Vir meer inligting hieroor, lees die artikel, *Is Tuta absoluta weerstandbiedend teen insekdoders in Suid-Afrika?* elders in hierdie uitgawe van CHIPS.

Om ander moontlike oorsake te identifiseer, sal studiegroepe in verskillende streke daargestel word om praktyke wat tot swak beheer kan bydra, te ondersoek.

Indien jy belangstel om aan 'n studiegroep in jou streek deel te neem, of enige verdere inligting benodig, kontak dr Niederwieser by epos_fienie@potatoes.co.za.

Vergelyking van besproeiingstelsels

In die 2020-seisoen is die doeltreffendheid van verskillende besproeiingstelsels (LEPA-, Dragon Line- en dripbesproeiing) met die konvensionele oorhoofse draaispilstelsel vergelyk. Onder leiding van prof Martin Steyn van die Universiteit van Pretoria, is 'n projek in Junie vanjaar geloods om die LEPA- (low energy precision application) en konvensionele stelsels in detail met mekaar te vergelyk.

"In hierdie geval word die konvensionele sproeikoppe met lae-druk sproeikoppe vervang, wat nader aan die grond is (50 tot 80 cm) as dié van die konvensionele stelsel. Die sproeikoppe lewer groter waterdruppels in 'n noue spuit en is daarom nader aan mekaar (80 tot 100 cm). Die doel is om waterverliese weens verdamping te beperk, deur groter druppels toe te dien en die afstand tussen spuitkoppe en plante te verkort.

As die LEPA-stelsel optimaal funksioneer, behoort daar ook 'n besparing aan elektrisiteit te wees, as gevolg van die laer druk waarteen water gelewer word. In die huidige studie sal watergebruiksdoeltreffendheid (kilogramme aartappels geoes per liter besproeiingswater), gelykvormigheid van